# Nuusbrief 1 van 2026
# Jongensfontein Inwonersvereniging ("JIV")

1 Die Desember 2025 / Januarie 2026 hoogseisoen is iets van die verlede. Die JIV vertrou dat al ons lede, inwoners en besoekers 'n feestelike rustyd geniet het.

2 Na plaasvind van die algemene jaarvergadering op 17 Desember 2025 is die nuwe JIV bestuurskomitee soos volg: Lukas van der Merwe (083 228 0102) is voorsitter, Mathys Streicher (082 562 2055) is onder-voorsitter, Celente Ellis (082 780 0579) is sekretaresse/tesouriere. De Villiers Theunisen is weer aangewys as minister van Tegniese Dienste en Wim van Rooyen van Fonteinsingel as addisionele lid belas met oa dorpsbeplanning, ontwikkellings en dam/water-aangeleenthede. Die herstrukturering van die bestuurskomitee se oorhoofse kostes ten einde meer fondse beskikbaar te stel vir instandhouding en verbetering van ons dorp en om meer inwoners as vrywilligers by JIV aktiwiteite te betrek, is suksesvol voltooi. Hierdie voorstel is eers ter tafel geneem na die bedanking van die vorige voorsitter (vanweë gesondheidsredes), wat die geleentheid vir herstrukturering, na 4 jaar van sinvolle konsolidasie, moontlik gemaak het. Die oogmerk is oa om die vaste oorhoofse kostes ten aansien van die JIV se bestuurskomitee te desentraliseer en wesenlik te verlaag, om die uitbetaling van kleiner honoraria te verdeel onder aktiewe betrokkenes ten einde persoonlike uitgawes te dek, om 'n klein gebaar van waardering daar te stel en om te dien as aansporing vir vrywilligers om betrokke te raak. Met groter inwoner-betrokkenheid beoog die JIV bestuur om nog steeds al die bestaande aktiwiteite van die JIV te behartig sonder om die bestaande munisipale burokrasie en oorhoofse kostes te dupliseer en sonder om 'n verdere belastinglas op ons lede te plaas. Die JIV-kantoor in die museum sal waar enigsins moontlik, nog steeds op Maandag-, Woensdag- en Vrydagoggende (ongeveer 09h00-12h00) beman word. Bestuurslede is bykans te alle tye bereikbaar by die bovermelde selfoonnommers.

3 Vanaf die tweede week in Februarie 2026 sal die JIV helplyn (krag- en wateronderbrekings, water lekkasies,brande, slange, NSRI en noodgevalle) deur Sonja Snyman van Rowwekliplaan as die JIV se veiligheidsverteenwoordiger hanteer word. Tot dan word dit hanteer deur die JIV voorsitter (083 228 0102). Sonja kan vanaf die tweede week in Februarie geskakel word by 083 628 9553 om sulke gevalle te rapporteer en sy sal dit dan by Hessequa munisipaliteit se noodnr of elders, waar nodig, rapporteer vir aandag.Terugvoering sal verskaf word op die Klets en JIV WhatsApp-groepe. Inwoners kan ook self rapporteer by die Hessequa 24-uur noodnr 028 713 2222 of 028 713 7917. Ten einde herhaaldelike rapportering te voorkom word inwoners wat self rapporteer, versoek om terugvoering op die Klets WhatsApp-groep te plaas.

4 Die JIV het 'n lang en trotse geskiedenis van bykans 40 jaar se projekte om geriewe vir ons inwoners en besoekers daar te stel, ingevolge die huidige grondwet se mandaatopdrag wat al baie jare diens doen. Gedurende die 13 jaar wat Naas Palmer die vrywilliger deeltydse JIV voorsitter was, is talle projekte, wat ons dorp uitsonderlik maak en verbeter, suksesvol afgehandel, alles onder die bestaande grondwet. Een van Naas se groot bydraes was in die ontwikkeling van die ong 89 ha natuurreservaat op die heuwel agter die dorp, waaruit Jongensfonteiners al baie jare genot put. Ander historiese projekte sluit in die bou en

instandhouding van talle wandelpaaie, die verbetering van die parke en paaie, installering van besproeiingstelsels by die hoofstrand en elders, bou van braaiplekke en lapas, beveiliging van die getypoel, bydraes mbt watergehalte by die dam, aankoop van geskikte visspesies vir algebeheer by die dam, restourasie van die biblioteekrondawel en museum, bou van swaaie, klimrame en ander speelapparaat by die museumpark, die bou van die buitelug gimnasium, bestuur van die helplyn en noue skakeling met die Hessequa munisipaliteit rakende noodsaaklike dienste en ander geriewe.

5 Die JIV het 'n uitstekende <u>samewerkingsverstandhouding met Hessequa munisipaliteit</u>, wat in ons eie ervaring waardering het vir die inwonersvereniging se aktiewe deelname aan instandhouding en verbeterings van ons dorp, veral waar betrokkenheid daartoe lei dat netheid en voorkoms en geriewe op die dorp van 'n hoër standaard is of aanvullend is tot geriewe of dienste wat die munisipaliteit kan lewer vanweë sy begrotingsbeperkings. Die JIV steun ook al baie jare op hierdie goeie verhouding om in samewerking met ons raadslid, Speaker Tinus van den Berg, die insluit van kapitale projekte vir noodsaaklike dienste in die Hessequa begroting te bevorder, binne die beperking van praktiese haalbaarheid gegewe die sosio-ekonomiese omstandighede in ons streek. Voorbeelde van sodanige kapitale projekte in Jongens wat in die huidige begroting ingesluit is, is die multi-miljoen bedrae vir die beveiliging van die fontein-oog en oprigting van 'n addisionele reservoir. Die verbetering van noodsaaklike dienste soos die kraglyn, rioolstelsel en waternetwerk val grootliks binne die jurisidiksie van die plaaslike owerheid. Die JIV mag nie voorskriftelik daarby inmeng nie en ons vereniging se rol is om kapitale besteding aan sodanige noodsaaklike dienste aktief te bevorder. Passiewe inwoners lei tot passiewe munisipale betrokkenheid en pro-aktiewe deelname deur inwoners lei to aktiewe hulp, ondersteuning en betrokkenheid deur die munisipaliteit. INWONERS OF BELANGSTELLENDES WAT BEREID IS OM BETROKKE TE RAAK BY JIV AKTIWITEITE WORD VERSOEK OM DIE VOORSITTER PER E-POS TE NADER BY jivjongens@gmail.com of by 083 228 0102.

6 Die JIV <u>kersfeesmark en pannekoekverkope</u> van 20 Desember 2025 was meer gewild as ooit. 2442 Pannekoeke is gebak deur JIV-ondersteueners met 'n inkomste van R24,420 en 123 stalletjies is verhuur teen R350 elk. Hierdie inkomste word aangewend om die JIV se oorhoofse administratiewe en rekeningkundige kostes te dek. Dank aan hooforganiseerder Celente Ellis asook aan Riaan van der Spuy, Mike Steyn, Div Theunisen en die mengers, rollers, bakkers en verkopers en talle ander wat dit moontlik gemaak het. Danksy Div Theunisen se toegewyde versorging deur die jaar het die mark op 'n lowergroen grasperk by die hoofstrand en die museum plaasgevind. <u>Parkering</u> vir die groot getal besoekers in ons klein dorpie was problematies. Die JIV het 'n versoek aan Hessequa munisipaliteit gerig om die parkeerboetes wat op daardie dag uitgereik is, te heroorweeg. Ons stadsraadslid, Speaker Tinus van den Berg, het wel tussenbeide getree, maar die uitslag van die versoek is dat boetes wat reeds uitgereik is nie sonder individuele vertoë heroorweeg kan word nie. Slagoffers word gevolglik aangemoedig om self individuele vertoë te rig. Die verkeersdepartement is versoek om in die toekoms op 'n meer behulpsame wyse as bloot net die uitreik van boetes by sulke ongewone geleenthede, met onvoldoende parkeerruimte, betrokke te raak. Die datum van 4 April 2026 is bespreek vir die aanbied van die JIV se <u>jaarlikse paasmark</u> in Jongens.

7 Die Jongensfontein straatmyl van 27 Desember 2025 was danksy die bekwame organisasie van Bertus Swanepoel en helpers ‘n groot sukses en klaarblyklik die begin van ‘n nuwe tradisie in ons dorp. Die ruimhartige skenking en organisasievermoë van JIV lid en huiseienaar Roelof van den Berg het die lanternloop in die vorm van ‘n baie suksesvolle liggieloop met tradisionele orkesbegeleiding op oujaarsaand 2025 moontlik gemaak, tot groot genoë van ons jongspan. Jongensfonteiners laat nie ligtelik toe dat ons dorp se unieke tradisies laat vaar word nie. Dank aan Mathys Streicher wat oorhoofse verantwoordelikheid aanvaar het en aan al die helpers tot laat op oujaarsaand.

8 Die gratis VOORLOPIGE KONSEP-verslag deur welwillende kusingenieurspesialis, Dr Andre van Tonder, aan die JIV oor kwesbaarheid en risiko tav die BESTAANDE Strandstr promenade/waterfront en die konsep-aanbeveling van verskillende moontlike strukturele alternatiewe ter beskerming daarvan, het gedurende die kerstyd tot onnodige omstredenheid op sosiale media gelei. Ten einde die JIV se goeie trou te demonstreer, word die volgende oorsigtelik en op neutrale wyse vermeld. Die verslag is uitdruklik in VOORLOPIGE KONSEP-vorm en die JIV sou nog moes besluit watter aspekte van die verslag, na beginselgoedkeuring van sodanige moontlike projek deur die Stadsraad, vir die JIV, vir publieke deelname en vir moontlike implimentering, aanvaarbaar sal wees en of daar enige veranderings aangebring sou moes word. Die verslag is aangevra uit hoofde van die JIV se mandaat en verpligting ingevolge die JIV grondwet om oa die daarstel van geriewe vir die inwoners van Jongensfontein te bevorder, uit hoofde van skade van miljoene Rande aangerig oa in Strandstr en elders aan infrastruktuur in die Hessequa-kuslyn gedurende die getystorm van Sept 2023 asook die voortdurende verspoeling van gedeeltes van die BESTAANDE promenade/sypaadjie en gedeeltes van die waterfront-teerpad tydens hoë springgetye en die algemeen-aanvaarde wetenskaplike projeksies van stygende seevlakke en veranderende klimaatsomstandighede. Die verbetering en beveiliging van die REEDS BESTAANDE promenade/waterfront met bv ‘n moontlike meer toeganklike wandelpad, sou ‘n belangrike gerief vir ons lede en inwoners kon wees. Die VOORLOPIGE KONSEP-verslag maak oa voorstelle vir die MOONTLIKE vervanging van die verslete klipmandjies (*gabions*) in die baai van Strandstr deur ‘n wandelpad met ‘n gelyk oppervlakte en natuurlike klipwerk, as fase 1. Dit sou ook die gevaarlike afwesigheid van ‘n bruikbare sypaadjie vir voetgangers in die baai aanspreek. Die aanvulling van die seesand in die baai wat deur die getystorm weggespoel is, word ook aanbeveel as deel van fase 1. ‘n Moontlike fase 2 (indien nodig) maak voorsiening vir ‘n moontlike matige verhoging van die BESTAANDE seemuur met natuurlike klip of alternatiewelik vir ‘n moontlike konvensionele seemuur wat die bestaande promenade/sypaadjie-area effens sou kon vergroot. Die JIV het nog nie standpunt ingeneem oor die wenslikheid van aanpassings van die BESTAANDE seemuur nie en het ook nog geen standpunt gevorm oor die moontlike aanbevole hoogte van sodanige moontlike aanpassings nie. Enige aanbevelings sal uiteraard aan JIV-lede, inwoners en Strandstr-eienaars voorgelê moet word vir oorweging tydens die openbare deelname proses voordat dit enigsins as aanbevelings van die JIV aanvaar sou kon word. Die toepaslike aanbevole riglyn sou myns insiens wees dat sodanige moontlike aanpassings van die BESTAANDE seemuur of enige nuwe seemuur nie hoër as die grondvloer van die wonings in Strandstr behoort te wees nie, ten einde te verhoed dat die soomlose oorgang, uitsig op en toegang tot die kuslyn benadeel word. Behoud van die natuurlike en eenvoudige karakter van die BESTAANDE waterfront sou noodsaaklik wees.

9 ‘n Foto van die massiewe betonseemuur wat in die Strand gebou is (welke foto wel in die VOORLOPIGE KONSEP-verslag verskyn, maar slegs as ‘n “*recent example” van ‘n “high end type of seawall structure, a scaled down version of which COULD be considered for Jongensfontein*”), tesame met die foutiewe stelling dat dit is wat die JIV, na bewering sonder mandaat, beplan, het om verstaanbare redes aanleiding gegee tot onsteltenis op sosiale media. Die oorhandinging van die VOORLOPIGE KONSEP-verslag aan die premier van die Wes-Kaap tydens ‘n besoek aan Jongensfontein, ter bewusmaking van plaaslike aktiwiteite en uitdagings en MOONTLIKE TOEKOMSTIGE versoeke om provinsiale befondsing, is verkeerd vertolk. Nieteenstaande die JIV se versekerings dat daar deurgaans binne die JIV se grondwetlike mandaatopdrag opgetree is, dat ‘n betonmonster soos in Strand hoegenaamd nie in die VOORLOPIGE KONSEP-verslag aanbeveel word of oorweeg word nie, dat die reaksies prematuur was en dat ‘n taakspan uit oa Strandstr-eienaars saamgestel sal word om die VOORLOPIGE KONSEP-verslag oor ‘n tydperk van minstens 3 maande te ondersoek en aanbevelings te doen, asook dat daar nog 2 verdere geleenthede vir publieke deelname sou wees, het ‘n groep inwoners verkies om ‘n vergadering op kort kennisgewing oornag te belê op 7 Januarie 2026. Die vergadering is ten einde raad ook deur myself en Mathys Streicher van die JIV bygewoon. Onder andere het nagenoeg 12 van die ongeveer 38 Strandstr-eiendomme se eienaars die vergadering op kort kennisgewing bygewoon. Die vergadering se meerderheidsaanbeveling was dat daar slegs op instandhouding in Strandstr gefokus moet word. Die implikasie is dat die moontlike oorweging van ‘n deurgaanse effens verhoogde of alternatiewe seemuur, na mening van die meerderheid aanwesiges, laat vaar moet word. Alhoewel die teenwoordiges by daardie geleentheid nie die meerderheid van die Strandstr-eiendomme verteenwoordig het nie, is die JIV se aanbeveling is dat die standpunt van die meerderheid van die Strandstr-eiendomme se siening oor hierdie aangeleentheid, na die inwin van die menings van Strandstr-eienaars wat nie die vergadering op kort kennisgewing kon bywoon nie, aanvaar moet word. Indien so bevestig deur eienaars wat die meerderheid van Strandstr-eiendomme daarstel, sal dit meebring dat die JIV van moontlike toekomstige kritiek dat daar nie tydig stappe geneem is om die dorp se promenade en infrastruktuur teen stygende seevlakke en toenemende storms te beskerm nie, gevrywaar sal wees.

10 Daar sal dan wel nog aspekte uitstaande wees, soos die instandhouding van die bestaande promenade en die bestaande seemuur en die inagneming van die standpunte van oa Strandstr-eiendomme se eienaars wat nie die vergadering bygewoon het nie, alvorens die aangeleentheid as afgehandel beskou kan word. Daar is ook Strandstr-eienaars wat versoek het dat gesprek met die ander eienaars gevoer word om die moontlikheid van die ontwikkeling van ‘n gelyk wandelpad, as deel van die BESTAANDE promenade langsaan die padoppervlakte, en die selektiewe effense verhoging van die bestaande seemuur (met as riglyn ‘n maksimum hoogte wat nie hoër is as die vloervlak van aanliggende wonings nie), by gedeeltes wat laer as die pad-oppervlak is en/of waar gereeld verspoelings plaasvind, te oorweeg. Die JIV-bestuur onderneem om die verdere ondersoek van hierdie oorblywende sensitiewe aangeleenthede in noue konsultasie met ons lede en huiseienaars en in beste belang van ons lede en inwoners, te doen.

11 Die JIV bestuur het groot waardering vir die onbaatsugtige bystand van welwillendes by die instandhouding en ontwikkeling van ons pas gerestoureerde parke. Die betrokkenes demonstreer hoeveel meer doeltreffend die JIV kan funksioneer met die samewerking van ons

inwoners. Ons parke is die aansig en die trots van ons dorp wat die verwelkomende karakter van die inwoners weerspieël en sosiale samesyn bevorder. Instandhouding en verbetering van ons parke en gemeenskaplike tuine is ‘n kernfunksie van die JIV. Groot dank aan die volgende persone vir onbaatsugtige dienste gedurende 2025 en 2026: Naas Palmer en Bertus Swanepoel wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die Botaniese Tuin in wording langs die Stilbaai pad by die ingang van Jongens, waar die aanplant van 10 melkhoutbome (geskenk deur Gouritz Cluster Biosphere), 2 waterbessiebome en ‘n aantal speldekussingstruike (geskenk en geplant deur Naas Palmer), hopenlik oor ‘n paar jaar ‘n verwelkomende laning by die ingang sal daarstel; Dirk en Henda Maree by die tuin onder en rondom die skoongemaakte melkhoutboomwoud by die dorpspleinpark langs Seesig kafee en woonstelle, asook by die tennisbaangrasperk onder leiding van die Natuurreservaatgroep; Mathys Streicher vir die gratis gereelde sny met sy John Deertjie van die enorme grasperk by die dorpspleinpark en agter die Seesig woonstelle; Albert Monk by Walvisuitkykpunt in Hoofweg; Denise Barnes by die getypoelpark; Div Theunisen by oa Sandstrand braaiplek en die groot taak by die hoofstrand en die museum se grasperke en besproeiing.

12 Die JIV lede en alle welwillendes word ‘n voorspoedige 2026 toegewens.

LUKAS VAN DER MERWE, JIV VOORSITTER, 26 Januarie 2026.